HOËRSKOOL PORTERVILLE
GEDRAGSKODE VIR LEERDERS 2020

GESTIG 1870

INHOUDSOPGAWE

1. INLEIDING

2. DOEL VAN DIE GEDRAGSKODE

3. GEDRAGSKODE DEUR LEERDERS ONDERSKRYF
3.1 Menseregte
3.2 Respek vir Onderwysers
3.3 Respek vir Nie-Onderwyspersoneel en Besoekers
3.4 Erkenning van Multikulturaliteit en Andersheid
3.5 Respek vir die Omgewing en Skoolfasiliteite
3.6 Gehoorsaamheid aan Organisatoriese- en Gedragsreëls
3.7 Buitemuurse Aktiwiteite
3.8 Voorkoms
3.9 Veiligheid
3.10 Akademiese Aangeleenthede
3.11 Rolpersepsie
3.12 Oordrag van inligting aan ouers

4. REëLS
4.1 Doel van Reëls
4.2 Reëls wat Aanvaarbare Gedrag Uitspel
4.3 Keredrag en Voorkoms
4.4 Skool en Klasbywoning
4.5 Waardevolle en Persoonlike Artikels
4.6 Swangerskappe

5. TUGMAATREëLS
5.1 Beginsels
5.2 Mondelingse Waarskuwing
5.3 Prosedure van Skriftelike Waarskuwing
5.4 Finale Skriftelike Waarskuwing
5.5 Kategorie Een-Oortredings (Roetine en Klasoortredings)
5.6 Kategorie Twee-Oortredings
5.7 Kategorie Drie-Oortredings
5.8 Kategorie Vier-Oortredings

6. SKORSING EN UITSETTING
6.1 Ondersoek
6.2 Skorsing
6.3 Dissiplinêre Verhoor
6.4 Appél

7. ALGEMENE DAG-TOT-DAG BESTUUR VAN
7.1 Kategorie 1 tot 4 oortredings
7.2 Bestuursprosedures

GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

1. INLEIDING

Die volgende wette dien as basis waarop die gedragskode gebaseer is:

- Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 (meer in die besonder, artikel 8)
- Wes-Kaapse Provinsiale Wetsontwerp op Skoolonderwys van 1997
- Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 108 van 1996
- Alle regulasies van wette soos afgekondig deur die WKOD

Volgens artikel 8(4) van die Suid-Afrikaanse Skolewet word alle leerders verplig om te voldoen aan die vereistes van die gedragskode van die skool wat hulle bywoon.

2. DOEL VAN DIE GEDRAGSKODE

Die gedragskode word saamgestel met die oog op onderrig, leer, wedersydse respek, versoening en die vestiging van 'n kultuur van verdraagsaamheid en vrede in die skool.

Volgens Artikel 8(2) van die SA Skolewet 8(2), 84 van 1996 is die doel van die gedragskode:

"*om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing wat toegewy is aan die bevordering en instandhouding van die leerproses, te vestig*".

Hoërskool Porterville se missie verwys ook na "lewensblye, gedissiplineerde, en betrokke leerders met visie". Dit word as een van die sewe pilare van die skool beskou.

Samevattend is die doel van die gedragskode die volgende:

- om positiewe dissipline te bevorder
- om self-dissipline aan te leer
- om voorbeeldige gedrag te vestig.

3. GEDRAGSKODE DEUR LEERDERS ONDERSKRYF

Ons (die leerders) besef dat onderlinge samewerking tussen alle persone wat by opvoeding en onderwys betrokke is, alleenlik suksesvol kan wees as alle partye dieselfde waardes en beginsels nastreef. Die kernwaardes wat deur die leerders van Hoërskool Porterville nagestreef word, kan soos volg uiteengesit word:

3.1 MENSEREGTE

Terwyl leerders daarvan bewus is dat hulle oor sekere regte beskik in terme van die Grondwet, erken hulle dat ander mense soortgelyke regte het en respekteer hulle hierdie regte. Leerders erken veral die menswaardigheid en gelykheid van alle mense en onderneem om hul regte so uit te oefen dat ander mense nie deur hul optrede benadeel word nie.

3.2 RESPEK VIR ONDERWYSERS

Leerders respekteer onderwysers as hul opvoeders en beloof hul heelhartige samewerking in alle redelike opdragte wat hulle van opvoeders mag ontvang.

Leerders respekteer die opvoeders as volwassenes en erken dat hulle opleiding en ervaring die leerders tot voordeel kan strek. Daarom onderneem die leerders om hul volle samewerking aan opvoeders te gee en altyd hoflik teenoor hulle op te tree.

3.3 RESPEK VIR NIE-ONDERWYSPERSONEEL EN BESOEKERS

Die bydraes tot die gladde verloop van die skoolorganisasie deur administratiewe personeel en terreinwerkers word hoog aangeslaan. Daarom sal leerders ook teenoor hierdie personeel met